MUNISIPALITEIT SWELLENDAM

VAKATURE : 'PRINCIPLE CLERK' (KOMITEEDIENSTE)

(Direktoraat : Korporatiewe Dienste ------ Salarisskaal T7 > R158 220 – R205 356 per jaar plus byvoordele)

Aansoeke word hiermee ingewag van bevoegde persone vir aanstelling in die bogenoemde vakature.

Vereistes:

- Matriek;
- Naskoolse kwalifikasie (NQF 5) in Administrasie/Kantoorbestuur sal tot die aansoeker se voordeel wees;
- Rekenaarvaardigheid (MS Office);
- Taalvaardig in ten minste twee van die 3 amptelike tale van die Wes-Kaap;
- Ten minste 2 jaar bewese kantoorondervinding.

Hoofpligte:

- Behulpsaam met die opstel, voorbereiding en verspreiding van raadsagendas, portefeulje- en ander statutêre komitee agendas sowel as Burgemeesterskomitee agenda;
- Neem van notules by bogenoemde vergaderings;
- Hanteer versoeke vanaf raadslede en amptenare vir die verkryging van raads- en komiteebesluite;
- Byhou van bywoningsregisters van alle vergaderings;
- Byhou van verskeie registers;
- Bestellings en rekwisisies vir reis- en verblyfeise asook skryfbehoeftes en kantoor benodigdhede vir raadslede;
- Aflos by Skakelbord/Ontvangs soos nodig.

Navrae kan gerig word aan mev Janette Etzebeth (Bestuurder : Administratiewe Ondersteuning) by telefoon (028) 514 8506.

Aansoeke, op die **amptelike aansoekvorm** met 'n CV, gewaarmerkte afskrifte van **ALLE** kwalifikasies wat op die CV gemeld word, Identiteitsdokument en ten minste een verwysing, moet aan die Menslike Hulpbronbestuurder (mnr P. Le Roux) gerig word om hom voor of op **Vrydag, 24 Julie 2020** om **16:00** te bereik. Dit is **verpligtend** om die amptelike aansoekvorm in eie handskrif te voltooi. Aansoeke wat nie oor stawende dokumentasie beskik nie, sal outomaties gediskwalifiseer word. Aansoeke kan ingehandig word by die onderskeie administratiewe kantore te Swellendam, Buffeljagsrivier, Suurbraak en Barrydale. **GEEN** aansoeke per faks sal aanvaar word nie. Aansoeke per e-pos kan gestuur word aan audrey@swellenmun.co.za

Swellendam Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer. Die werkgewer behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Gunswerwing by raadslede is 'n oortreding en sal tot diskwalifisering van 'n aansoek lei. Indien u nie binne agt weke na die sluitingsdatum terugvoer ontvang nie, moet u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

Swellendam Munisipaliteit
Voortrekkerstraat 49 (Posbus 20)
SWELLENDAM, 6740
Tel: (028) 514 8500

A.M. GROENEWALD
MUNISIPALE BESTUURDER

(Kennisgewing HR 09/2020)